

# Behoort ons 'n stelsel te hê om mankheid by skape te identifiseer?

Deur Anri Strauss, tegniese adviseur: herkouers, Chemunique

**D**ie bestuur en hantering van hoefprobleme in 'n skaap-kudde kan oorweldigend wees en skaapprodusente is gereed op hulself aangewese om dié probleme op te los. Beeste word moeiliker behandel en daarom is die hulp van professionele hoefsmede nodig om hoefletsels te identifiseer en die hoewe behoorlik te sny. Aangesien skape kleiner en troppe groter is, is dit dikwels nie vir professionele hoefsmede die moeite werd om aan skape te werk nie.

Dalk is dit tyd om hierdie kwessie te herbesin en die waarde van 'n identifikasieselsel vir mankheid by skape te bespreek.

## Identifisering van die probleem

Hoefprobleme word meestal in die reënseisoen waargeneem, omdat nat hoewe sag word en patogene dit dan makliker binnedring. Nog 'n probleem is wanneer lang hoewe kraak of breek. Produsente het

nie altyd tyd om hoewe te sny nie, maar die voordele van hoefsny is só groot dat dit nie geïgnoreer behoort te word nie.

'n Bykomende probleem is die feit dat baie veeboere alle en enige hoefprobleme op die plaas as vrotpootjie beskou, sonder dat die werklike oorsaak behoorlik ondersoek word. Plaaslike skaapprodusente kan baie baat deur 'n puntstelsel vir skape se beweeglikheid te gebruik om die behandeling van mank skape te standaardiseer.

Mankheid word beskou as 'n afwyking van enige normale loopbeweging van 'n dier. Dit het verskeie oorsake, waaronder genetiese voorbeskikking, die seisoen, boerderystelsel, behuisingstoestande, swak higiëne, ongepaste versorging van hoewe en voeding.

Daarbenewens word mankheid ook met bakteriële infeksies en virussiektes geassosieer. Algemene bakteriële infeksies wat mankheid veroorsaak, sluit interdigitaal ontsteking (vrotpootjie), interdigitaal

dermatitis en absesse in die hoefgewrigte in. Die mees algemene virussiektes in Suid-Afrika wat mankheid veroorsaak, is bloutong en bek-en-kloseer.

Mankheid kan ook deur omgewingsfaktore soos bosluise en swak higiëne in slaaphokke veroorsaak word. Oorvoeding kan tot hoefontsteking en ondervoeding tot swak hoefstrukture lei. Die lys van oorsake kan in diepte bespreek word, maar val ongelukkig buite die bestek van hierdie artikel.

## 'n Moontlike oplossing

'n Moontlike oplossing lê in die kombinerende van 'n mankheid-puntstelsel wat in vroeë navorsing voorgestel is, en 'n stelsel wat reeds vir melk- en vleisbeeste gebruik word. Hierdie gekombineerde stelsel is maklik om van die grond af te kry en op die plaas te gebruik. Sodra 'n skaap met effense mankheid geïdentifiseer word, word die dier ondersoek om die oorsaak van die mankheid te bepaal.

Die enigste beperkende aspek van hierdie stelsel is dat dieselfde persoon telkens die mankheid moet evalueer, aangesien verskillende mense subjektief in hul beoordeling kan wees. Solank dieselfde persoon elke keer die skape beoordeel, kan die voorkoms van hoefprobleme in 'n kudde verminder. Hoe vroeër mankheid geïdentifiseer kan word, hoe beter is die uitkoms van die behandeling.

## Gevolgtrekking

Die toepassing van 'n mankheidsidentifikasieselsel kan die voorkoms en erns van mankheid by skape beperk. Die vraag is of ons dit kan bekostig om sonder so 'n stelsel te wees in 'n tyd waarin die koste van kleinveeboerdery hoog is en die marges klein? Ek dink nie so nie. <sup>VP</sup>

**Tabel 1: Voorgestelde stelsel om mankheid by skape te identifiseer.**

Punt	Kliniese beskrywing	Beskrywing
0	Normaal	Skape dra hul gewig eweredig op al vier pote en stap teen 'n egalige ritme.
1	Effens mank	Treë is ongelyk, maar dit is onduidelik watter ledemaat of ledemate aangetas is. Skape gee korter treë en sak hul koppe effens.
2	Matig mank	Treë is ongelyk en verkort, en die aangetaste ledemaat of ledemate is identifiseerbaar. Die kop knik effens wanneer die skaap loop en die rug kan geboë voorkom.
3	Ernstig mank	Beweeglikheid word ernstig benadeel, tot so 'n mate dat die dier weens opvallende ongemak gereed gaan stilstaan of gaan lê. Die aangetaste ledemaat of ledemate is duidelik sigbaar en word van die grond af gelig wanneer die skaap loop of staan. Die skaap se kop knik terwyl hy/sy met 'n geboë rug loop.

Vir meer inligting, stuur 'n epos aan Anri Strauss by [anri@chemunique.co.za](mailto:anri@chemunique.co.za).